**23 Mei** **Skrifgedeelte: Johannes 6:41-71**
**Fokusgedeelte: DL, 1:14**

**As die leer oor die uitverkiesing jou nie by God uitbring nie word dit verkeerd verkondig!**

Die Bybel is vol van die leer oor die uitverkiesing. Dit word in die Ou Testament sowel as die Nuwe Testament geleer. In Eksodus 33:19 het God al gesê: "… Ek betoon genade aan wie Ek genade wil betoon en Ek ontferm My oor wie Ek My wil ontferm."

Jesus self het ook hierdie leer verkondig. In Johannes 6:44 sê Hy byvoorbeeld: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het hom nie na My toe trek nie ..." en in vers 65: "Daarom het Ek vir julle gesê niemand kan na My toe kom as die Vader dit nie aan hom gegee het nie."

Tog moet hierdie leer met groot omsigtigheid verkondig word, want as dit verkeerd verkondig word kan dit onberekenbare skade veroorsaak. As dit verkeerd verkondig word kan dit God in 'n baie slegte lig stel en kan dit Hom na 'n wrede, tirannieke god laat lyk. "Daarom," bely ons, "moet dit vandag nog op die regte tyd en plek in die kerk van God – waarvoor dit in die besonder bestem is – uiteengesit word." Dit moet "oordeelkundig, met gelowige eerbied en ontsag" verkondig word.

As dit so verkondig word dat dit mense bang maak of afskrik word dit verkeerd verkondig. As dit reg verkondig word sal mense God loof en prys vir sy groot genade en sal hulle getroos word met die wete dat hulle uitverkies is. Soos Petrus sal hulle ook vir die Here wil sê: "U het die woorde wat die ewige lewe gee. En ons glo vas en ons weet dat U die heilige van God is."

As die leer oor die uitverkiesing u by God uitbring en u laat jubel en juig oor God se genade weet dan dat dit reg aan u verkondig is en dat u dit reg verstaan!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~